REDAKSIONEEL

1. Die jaarvergadering van die G.T.V. 11 Junie 1974

Die opset met die jaarvergadering van die GTV op 11 Junie te Randburg was uniek. Dit was die eerste keer dat die GTV probeer het om op empiriese wyse die prediking te ondersoek. Vanweë die eksperimentele karakter van hierdie jaarvergadering vertrou ons op u verdraagsaamheid t.o.v. foute wat begaan was en tekortkominge wat in die voordragte aan die lig tree.

U het nie „vakmanne" wat met weldeurdagte referate aspekte van hulle besondere studieveld belig nie. Die keuse het met opset die „vakmanne" gespaar sodat niemand met „gesag" praat nie en ons juis op *diskussie* sal afstuur. Die hoofbestuur het drie van sy lede aangewys om die vraelyste te probeer verwerk en die beeld van menings aan u voor te hou. Die voordragte beoog om tot bespreking, besinning en verryking uit te lok. Soos die vraelyste elke persoon se eie mening gegee het, so hoop ons om ook hier van mekaar te leer en indien nodig mekaar hier ook op te skerp, te waarsku, te inspireer en te verryk sodat die heerlike diens van verkondiging van die evangelie sy loop kan hê tot bewaring, opbou en vermeerdering van die kerk. Die jaarvergadering het ook nie die laaste woord gehad nie en lesers is baie welkom om in die kolomme van *In die Skriflig* verder te praat. Die ondersoek wou selfs ruimte vir tweerigtingverkeer toelaat en het 'n steekproef gedoen onder hulle vir wie die prediking bedoel is (as die dominee hom dalk daarby uitsluit).

Ons publiseer ook 'n paar van die vraelyste met antwoorde as voorbeelde van die vrae en inligting wat verwerk is. Hartlike dank aan die kerkraad en susters van Randburg vir 'n gawe ontvangs.

2. In die Skriflig

Ontvangste en betalings vir die jaar geëindig 30-6-1974:

Ontvangste:

Ledegeld en donasies	R1 451,01	
Rente spaarrekening	44,25	1 495,26
Saldo lopende rekening 1-7-73	334,29	
Saldo spaarrekening 1-7-73	1 253,99	
		1 588,28
		R3 083,54

Uitgawes:

Drukwerk	R1 353,29	
Posgeld en seëls	14,50	
Skryfbehoeftes	13,65	
Bankkoste	80	
Kontant op hande	19,85	1 402,09
Min saldo per lopende rekening 30-6-74	383,21	
Min saldo per spaarrekening 30-6-74	1 298,24	1 681,45
		R3 083,54

3. Gereformeerde Teologiese Vereniging

Ontvangste en betalingsrekening vir die rekenpligtige tydperk geëindig 31 Mei 1974:

Ontvangstes:		R132,29
Ledegeld	129,00	
Rente ontvang (spaarrekening)	2,50	
Bankkrediet (tjekblaaie)	79	
Uitbetalings:		57,31
Skryfbehoeftes	21,89	
Tikwerk	18,00	
Posgeld	16,42	
Bankkoste (tjekboek)	1,00	
Oorskot inkomste bo uitbetalings		R74,98

Rekonsilasie van fondserekenings

Lopenderekening 070-340-461 Silverton:

Beginsaldo 1 Junie 1973		—
Krediet ontvang vir tjekblaaie	79	
Oorplasing vanaf spaarrekening	60,00	60,79
		60,79
Tjekuitbetalings	56,31	
Bankkoste (tjekboek)	1,00	57,31
Eindsaldo 31 Mei 1974		R 3,48

Spaarrekening 04-9340-508 Kerkstraat, 07-9341-037 Silverton:

Beginsaldo 1 Junie 1973		112,18
Deposito	129,00	
Rente	2,50	131,50
		243,68
Oorplasing na lopende rekening		60,00
Eindsaldo 31 Mei 1974		R183,68

Totale fondse beskikbaar:

Fondse beskikbaar 1 Junie 1973		112,18
Netto oorskot per rek. 1		74,98
Saldo per fondserek. 31 Mei 1974		
Spaarrekening	183,68	
Lopenderekening	3,48	
Fondse beskikbaar 31 Mei 1974	R187,16	R187,16

Rekenings nagegaan en saldo's vergelyk.
Get.: J.Steyn, F. du Toit.

KATEGISMUSPREDIKING

Die ondersoek na die prediking en die Jaarvergadering het nie in besonder op die Kategismusprediking ingegaan nie. Gelukkig het ons 'n bydrae van ds. H. Dijkstra van die Paarl ontvang. Hy het skynbaar op 'n simposium, waarskynlik te Stellenbosch ingegaan op die vraag hoe daar gereeld „oor" die Kategismus gepreek kan word „sonder om die mense weg te ja". Die bydrae sluit dus eintlik natuurlik aan by die stof wat in hierdie uitgawe aan die orde is.

B. S.